PIONIERSKOOL VIR SIGGESTREMDES

ADDERLEYSTRAAT 20 / PRIVAATSAK X3048
6850 WORCESTER
TEL: +27 023 342 2313 FAKS: +27 023 342 3959
E-pos: prinsipaal@pioneerschool.org.za
Webwerf: www.pioneerschool.org.za

PIONEER SCHOOL FOR THE VISUALLY IMPAIRED

20 ADDERLEY STREET / PRIVATE BAG X3048
6850 WORCESTER
TEL: +27 023 342 2313 FAX: +27 023 342 3959
E-mail: prinsipaal@pioneerschool.org.za
Webpage: www.pioneerschool.org.za

15 Junie 2023

Geagte Ouer/Voog

Uit die kantoor

" Vandag maak ons tuin
Pa en Ma en ek.
Ek help om blomme te plant
en bossies uit te trek.

En as die blomme oopgaan
en vrolik om ons lag,
sal ek vir jou 'n blom bring –
as jy hier vir my wag."

Bogenoemde gedig is een van vele gedigte wat in ons skool se multisensoriese tuin geïnstalleer is met die loods van die NWU Byderhand-Pionierprojek in 2018. Die gedigte is beskikbaar via 'n QR-kode wat geskandeer word. Voor u weer op kampus kom, laai 'n QR-skandeerder op u foon af en kom ervaar hoe digters self hulle gedigte voorlees en geniet ook verwerkings in die vorm van vertalings, musiekverwerkings en tipografiese animasie. Daar is ook stories geskryf deur leerders en oud-leerders dwarsoor kampus geïnstalleer.

Hierdie is een van vele projekte waarop ek as skoolhoof baie trots is. Verder wil ek ook spog met ons sosiale media en ander platforms. Benewens ons webwerf en D6-kommunikasie, het ons ook 'n baie aktiewe FB-bladsy. Een van ons onlangse video-plasings is al meer as 100 000 keer gekyk! Dit is dus amptelik viraal. Dankie aan mnr. Quinten Pendle wat hier voorvat.

Volgende kwartaal wil ons graag ons ouers meer betrokke kry, veral diegene wat in Worcester woon. Ons het 'n ouer-inligtingsvergadering 24 Julie waar ons ouers wil inlig oor wat die skool doen rondom die kurrikulum behoeftes van u kinders.Ons sal vervoer na en van die skool reël indien u dit benodig. Op Saterdag 29 Julie bied van ons opvoeders en hulpdienste 'n inligting-en bewusmakingsoggend aan ouers asook personeel aan waar ons, deur middel van 'n paneelbespreking en groepsaktiwiteite, fokus op die ECC kurrikulum. Ons bied ook die eerste keer 'n Polar Bear Splash aan op 9 Augustus en vroeg in die vierde kwartaal ons Musical.

1. Leerderaangeleenthede

Dit was 'n bedrywige kwartaal met baie hoogtepunte:

- Sinegugu Silara (gr 11) is gekies as junior burgemeester terwyl Refuwe Moses (gr 11) gekies as lid van die burgemeesterskomitee. Isabel Smit (gr 10) en Elvina Diamond (gr 10) is as lede van die stadsraad verkies.
- Jeanne-Chayil Arendse en Anschwin Klaasen is gekies tot lede van die Junior Polisie Forum en is baie aktief om leerders in te lig oor verskeie onderwerpe.

- Ons dramagroep het opgetree by die Shakespeare Skolefees met die opvoering King Lear.
- Sinegugu Silara het hierdie kwartaal gespeel in die Maties se vroue-doelbalspan, Tumelo Sootho het die Wes-kaap doelbalspan gehaal en Roberto Harmse en Ralton Pienaar is gekies as lede van die Boland Blindekrieketspan wat vanjaar deelgeneem het aan die BCSA One Day Cup in Johannesburg.
- Leané Hattingh en Sinegugu Silara het deelgeneem aan die Talento musiekkompetisie en beide leerders het deurgedring tot die semi-finaal.
- Verskeie van ons leerders het opgetree by skole se landsdiensprogramme, ouetehuise en ons het ook ‘n suksesvolle fondsinsameling gehou vir ‘n plaaslike leerder, Christiaan Neethling, wat met kanker gediagnoseer is. Leerders het aangetrek soos karakters uit storieboeke en/of gunstelingflieks en daar was ‘n vrolike gees op kampus. Moedersdagpresente is uitgedeel aan al die ma’s op die personeel en die OOV het ‘n Moedersdagtee gereël.
- Me. Marli Goosen het ‘n bewusmakingsveldtog gedurende Nasionale Kinderbeskermingsweek gekoördineer wat ook op sosiale media gedeel is.

2. Personeelaangeleenthede

Ons verwelkom Me. Madeline Kriel as Lewenswetenskappe-opvoeder sowel as Me. Cathy Hugo as bemarker en fondsinsamelaar wat beide in die derde kwartaal by ons aansluit. Graag bedank ons Mnr. Chris Nel vir sy bereidwilligheid om ons uit te help as tydelike Lewenswetenskappe-opvoeder.

Gelukwense moet ook gaan aan Mnr. Alricht Schwartz met sy verkiesing tot ons Beheerliggaam.

Ten slotte wil ek elke ouer, donateur en personeellid bedank wat die spreekwoordelike ekstra myl loop vir Pionierskool.

Geniet die vakansie en die welverdiende rus.

3. Belangrike datums

18 Junie	-	Skool open
11 Augustus	-	Tuisnaweek (skool sluit 13:00)
1 September	-	Tuisnaweek (skool sluit 13:00)
25 September	-	Publieke vakansiedag
29 September	-	Skool sluit

M Bredenkamp
Prinsipaal